# DR. J. D. DU TOIT EN DIE ONDERWYS

1.

J. D. du Toit, 'n seun van die grondlegger, eintlik die vader van Christelik-nasionale onderwys in Suid-Afrika, het sy hele opvoeding ontvang aan skoolinrigtings met 'n Christelik-nasionale gees en rigting.

Sy eerste skool was 'n C.N.O.-skool en die laaste inrigting waaraan hy gestudeer het, was 'n C.N. Universiteit. As leerling en as student het hy nooit 'n voet in 'n staatskool of staats-inrigting vir hoër onderwys gesit nie. Daarvoor het sy oortuigde vader gesorg.

Dit sal ons dan ook nie verbaas dat J. D. du Toit lewenslank hom in sy amptelike hoedanigheid beywer het vir C.N.O. nie. Hy het hom gegee aan die stigting, instandhouding en beheer van C.N.O. skole; hy het die beginsel van C.N.O. in woord en in geskrif gestel, ontwikkel en verdedig.

Sy vader, wat predikant van die Nederduits Gereformeerde Kerk in De Paarl was, het deur sy geskrifte, veral „De Christelyke School, in hare verhouding tot Kerk en Staat" 1876, en deur sy aandeel aan die stigting van De Gedenkschool op Daljosafat hom betuig as die vooraanstaande pleitbesorger van C.N.O. Op grond van sy werk in De Paarl het die Transvaalse Owerheid hom in 1882 as Superintendent van Opvoeding benoem. In die Transvaal het ds. Du Toit 'n stelsel van C.N.O.-skole in die lewe geroep en in stand gehou.

Toe ds. Du Toit in 1884 na Europa op 'n amptelike sending moes gaan, het hy sy seun Japie na De Paarl geneem om aan die Gedenkschool sy eerste beginsels van kennis en kundigheid op te doen. Na sy terugkeer uit Europa het ds. Du Toit vir sy kinders 'n goewernante as onderwyseres benoem. In 1888 het hy sy seun na 'n Duitse Sendingskool op Pretoria gestuur. In 1889 het ds. Du Toit weer na Europa vertrek en is Japie vir die jare 1890 tot 1894 weer na die Gedenkschool. In 1895 lê die jong seun deur private studie sy Matrikulasie-eksamen af. Daarna het sy vader hom na Burgersdorp gestuur om aan die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk vir predikant te studeer. Daar bly hy van 1896 tot 1899. Kort na die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog is hy na Nederland om aan De Vrije Universiteit, Amsterdam, in die Teologie verder te studeer en om in 1903 sy doktorsgraad met 'n dissertasie oor „Het Methodisme" te verwerf.

Hy keer dan na Suid-Afrika terug en word op 25 September 1903 bevestig as predikant van die Gereformeerde Kerk op Potchefstroom. Hier het hy feitlik lewenslank gewoon.

2.

Ds. Du Toit het in sy nuwe werkkring onmiddellik hom geskaar aan die kant van die gelowige Afrikaner in die Transvaal, wat 'n eie C.N.O.-skoolstelsel gestig en in stand gehou het. Op die eerste Kerkraadsvergadering, 31 Oktober 1903, het die jong predikant sy kerkraad ernstig toegespreek insake die onderwys en die ouderling ehet daarop onderneem om die ouers by huisbesoek behoorlik te ondervra en in te lig. Op 2 April 1904 het die kerkraad besluit om sy „Ou Kerkie" beskikbaar te stel aan 'n private, vrye, Christelike skool. In die dorp en distrik is 'n hele aantal C.N.O.-skole aan die gang gehou, waaroor daar in die Kerklike Almanak

volledig gerapporteer word. Op vergadering na vergadering het ds. Du Toit die saak van C.N.O. gestel; hy het dringender geword hoe dreigender die oorname van alle C.N.O.-skole deur die Transvaalse Owerheid.

Toe die C.N.O.-beweging in 1907 dood geloop het, deurdat al die skole onder die Regering se vlerke ingegaan het, het ds. Du Toit bly voortwerk vir die stigting van vrye Christelike skole en die herlewing van die C.N.O.-beweging. Hy het dan ook al sy kragte ingegooi by die stigting van so 'n skool verbind aan die Teologiese Skool, die sg. Voorbereidende School. Hy was een van die stigterslede en een van die Bestuurslede van die skool. Aan die skool het hy self dogmatiese onderrig elke Woensdag gegee.

In 1908 publiseer dr. Du Toit 'n uiters belangrike kritiek op die godsdiensklousule van die Transvaalse Onderwyswet in sy „Christelijke Onderwijs met of zonder Dogma". By die formulering van Du Toit se opvoedkundige gedagtes kom ek weer op die brosjure terug.

„C.N.O. is dood. Lank leef C.N.O." — dit was die grondgedagte van 'n vergadering gehou op Potchefstroom op 6 Julie 1907, bygewoon deur 'n dertigtal bittereinders in die stryd om vrye C.N.O. Onder die bittereinders staan die naam van dr. Du Toit duidelik geskryf. Dit was die begin van openbare kongresse en konferensies oor C.N.O. Die Christelike gemeenskap het die stryd aangebind, en Du Toit word een van die leidende persoonlikhede. Op die samekoms van Julie 1907 het Du Toit, ondersteun deur A. J. van der Walt, voorgestel dat 'n vereniging gestig word oor die hele Suid-Afrika om die beginsel van die Vrye Skool met Staatsubsidie te bevorder en dat 'n kommissie van 5 lede benoem word om 'n program van beginels en konsep-statute op te stel. Dr. Du Toit het op die Kommissie gedien en was die adres vir die te stigte vereniging. Reeds teen September is sodanige verenigings gestig op Potchefstroom, Gatsrand en enkele ander plekke. In Junie 1908 het Du Toit sy bogenoemde lesing voor dié „Vereeniging van Christelijke Belangen" op Pretoria gehou.

Die eerste groot kongres oor C.N.O. is gehou in Julie 1909 op Pretoria. Daar is dr. Du Toit gekies as lid van die Hoofbestuur. Die tweede kongres is gehou op Steynsburg in Julie 1911. Opnuut is die organisasie lewe ingeblaas: nuwe Statute van 'n Vereniging vir Christelike Skoolonderwys is opgestel en 'n nuwe interprovinsiale Hoofbestuur is gekies, waarop dr. Du Toit een van die Transvaalse lede was. Die derde kongres is in Julie 1912 op Potchefstroom gehou en in Oktober 1913 die vierde kongres, en wel op Bethulie. Dr. Du Toit het nog steeds 'n leidende aandeel behou.

Met die vier kongresse is by die owerheid geen vordering gemaak nie. Op 15 September 1915 kan Het Kerkblad nog getuig: „C.N.O. nog nie dood nie", al was die toestande baie duister met die opheffing van die Voorbereidende Skool as 'n vrye Christelike skool. Gedurende 1916 vlam die idee van C.N.O. weer vinnig op. In die begin van 1916 is 'n verdere kongres in Bloemfontein gehou, waar prof. J. Kamp 'n duidelike geluid laat hoor het oor die beginsel van Groepskole. Aan hierdie beskouinge van prof. Kamp is deur dr. Du Toit vaste rigting en vorm gegee toe hy in Julie 1917 op die groot C.N.O. kongres op Bloemfontein gespreek het oor „Die Plek van die Skool in ons Samelewing."

Op nog twee kongresse oor C.N.O. sou dr. Du Toit 'n aktiewe, leidende figuur wees. Die eerste was 'n konferensie op Potchefstroom gehou op 9 September 1934 waar dr.Du Toit 'n referaat gelewer het oor „Die Geskiedenis van die C.N.O." Die tweede was die groot en beslissende C.N.O.-kongres gehou in Julie 1939 op Bloemfontein. Hier het dr. Du Toit 'n voordrag gelewer oor „C.N.O. en Godsdiensonderwys". Uit die kongres is gebore die Instituut vir Christelik-nasionale Onderwys wat in 1948 sy bekendgeworde brosjure „Die C.N.O.-beleid" die lig laat sien het. In die Beleid word die gedagtes van dr. Du Toit grotendeels verwesenlik.

Dr. Du Toit het ook 'n beslissende rol gespeel in die aktiwiteit van die Gereformeerde Kerk as sodanig ten opsigte van C.N.O. In die verband moet verwys word na twee kringe van optrede: die Sinodale Vergaderinge en die redaksie van Die Kerkblad.

Reeds op die eerste Algemene Vergadering van die Transvaal, wat hy as predikant kon bywoon (nl. in Januarie 1904) is hy aangewys as een van die lede van die Kommissie van C.N.O. Op sy eerste Algemene Sinodale Vergadering (April 1904) op Middelburg, K.P. gehou, het hy aandagtig geluister na 'n grondige bespreking en 'n belangrike besluit oor C.N.O. Op die Transvaalse Algemene Vergadering van Januarie 1909 het dr. Du Toit 'n ernstige pleidooi gelewer oor die onderwyssaak na aanleiding van die Smutswet van 1907. Op sy voorstel is 'n kommissie van 12 lede (hy was een) benoem „die trouw beloven te strijden voor de zaak van vrije scholen met Staatsubsidie". Hierdie kommissie het saamgewerk in verband met die C.N.O.-kongres van 1909 en in Januarie 1910 aan sy opdraggewer verslag gedoen. Nog ernstiger is die saak bespreek op die Algemene Vergadering in Januarie 1912 en is besluit om 'n protes by die Administrateur in te dien. Die inhoud van die protes vorm 'n belangrike beredenering van die grondbeginsel van C.N.O. Die hele Vergadering het op 23 Januarie sonder vrug sy opwagting gemaak by Adm. Johan Rissik. Die idee van die vrye Christelike skool, veral as „Groepskool" is kragtig bevorder in 1918 deurdat die drie Afrikaanse Kerke 'n groot kongres in Pretoria gereël het. Op die kongres in April gehou het dr. Du Toit 'n kragtige woord gespreek oor „De Vrije School". Die kongres het besluit om getuienis namens die Kerke af te lê voor die destydse Kommissie van Ondersoek oor die Transvaalse Onderwys (voorsitter, H. L. Malherbe). 'n Spesiale Kommissie van Getuienis is benoem, waarop dr. Du Toit as Gereformeerde verteenwoordiger sitting geneem het. Die getuienis word in die Maalherbe-verslag (1920, Art. 125) kort saamgevat onder 7 punte waarin die stem van dr. Du Toit duidelik hoorbaar is (Vgl. ook Het Kerkblad, 15 Mei 1918). Tussen die jare 1920 en 1933 is daar meer in stilte aan die propagering van C.N.O. gewerk. Die Algemene Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Kerk het in Maart 1933 met sy sitting op Pretoria hom weer sterk uitgespreek oor die noodsaaklikheid van die vrye Christelike skool, veral as Vrye Groepskool, en grotendeels as uitvloeisel daarvan is die C.N.O. kongres in September 1934 gehou, waar besluite in die gees van die tussenkerklike kongres van 1918 geneem is. Die laaste openbare deelname van dr Du Toit in verband met kerklike aksie op die gebied van die C.N.O. het gekom toe die Transvaalse Provinsiale Owerheid weer eens 'n Kommissie van Ondersoek oor die Onderwys (voorsitter ds. Wm. Nicol) in 1936 benoem het. Die Provinsiale Sinode van die Gereformeerde Kerk in Transvaal het in Januarie 1937 'n Onder-

wyskommissie benoem om getuienis af te lê namens die Gereformeerde Kerk voor die Nicolkommissie. Op die Kommissie het dr. Du Toit weer gedien. Op 29 Maart 1937 is 'n „Beleidsverklaring" opgestel en op 17 Mei is dit gestel voor die Nicolkommissie. Hierdie Beleidsverklaring gee 'n afronding ook aan dr. Du Toit se beskouings oor die onderwys.

Dr. Du Toit se groot rol in die onderwys blyk finaliter duidelik uit die baie Artikels in „Het Kerkblad", waarvan hy redaksielid vir baie jare was. 'n Versameling van die Artikels vind die leser in een van die boekdele wat tot sy gedagtenis nou uitgegee is.

Ten slotte mag ook nie verswyg word sy groot betekenis vir die skoolonderwys wat die noodwendige gevolg was van sy reuse-aandeel aan die vertaling van die Bybel in Afrikaans en van sy persoonlike berymings van Die Psalms en ander Skrifgedeeltes. Die Afrikaanse Bybel was die finale en beslissende bydrae tot die volle ontplooiing van die Afrikaanse Skool in Suid-Afrika. Sonder 'n Afrikaanse Bybel en 'n bundel Afrikaanse gewyde liedere en Psalms is 'n Afrikaanse skool ondenkbaar.

3.

Dr. Du Toit het op die ontwikkeling van die Christelik hoër onderwys 'n nog duideliker spoor afgedruk as op die van die gewone C.N.O.

Sy optrede hier het reeds vroeg na sy bevestiging as predikant op Potchefstroom begin. Op sy inisiatief het die Potchefstroomse Kerkraad en gemeente dadelik besluit om geld in te samel met die oog op die verplasing van die Teologiese Skool van Burgersdorp na Potchefstroom. So vind ons reeds dat op 26 Desember 1903 op 'n gemeentevergadering besluit is om lyste in die wyke te laat teken en om, indien nodig, die gebou op die kerkgronde te laat oprig. Op 13 Februarie 1904 het die kerkraad besluit om ook die plaaslike Skoolraad te nader vir grond vir die Teologiese Skool. Op voorstel van ds. D. Postma en dr. Du Toit het die Algemene Sinodale Kerkvergadering in April 1904 besluit om die Teologiese Skool na Potchefstroom te verplaas. Dr. Du Toit was ook lid van die plaaslike boukommissie van die Teologiese Skool. Met die Teologiese Skool het ook na Potchefstroom verhuis aan die begin van 1905 die Literariese Departement, waaruit die inrigting vir Christelike hoër onderwys in 1919 ontstaan het.

In 1911 het dr. Du Toit prof. J. Lion Cachet opgevolg as professor aan die Teologiese Skool en daaraan verbind gebly tot 1939 — 'n lang tyd van arbeid aan die Christelike hoër onderwys!

Die stryd om die literariese hoër onderwys het eintlik begin met die totstandkoming van die Unie in 1910. Dit het al gou vir die Kuratore van die Teologiese Skool duidelik geword dat 'n opdraende stryd voorlê vir die behoud en ontwikkeling van die Literariese Departement. Die stryd het begin omdat sinds 1910 die gedagte al meer en meer vaste vorm aangeneem het dat die hele universitêre lewe in Suid-Afrika hervorm moet word. Die ou Kaapse Universiteit, wat net eksaminerende werk verrig het, kon nie langer aan die groeiende akademiese behoeftes van die jong land voldoen nie. Daar moes ook doserende universiteite kom. En hulle koms sou die Literariese Departement ingrypend beïnvloed. Aan hierdie saak het dr. Du Toit 'n beslissende aandeel geneem.

Op die Kerkraad van Potchefstroom is voortdurend aanhangig gemaak die stigting van 'n Gereformeerde Normaalskool. Op 22 Desember 1911

het die Kerkraad egter besluit om gelde in te samel vir die benoeming van 'n professor in die Pedagogiek aan die Teologiese Skool.

Dr. Du Toit het hieraan sy volle steun toegesê. Op die Algemene Vergadering van Transvaal is in Januarie 1913 besluit om 'n kommissie te benoeem — dr. Du Toit was lid daarvan — om die Algemene Sinode te adviseer in verband met die opleiding van Christelike onderwysers. Die Algemene Sinode van Maart 1913 het die saak noukeurig oorweeg maar kon tot geen bepaalde besluit kom nie. Die Transvaalse Algemene Vergadering het op sy vergadering in Februarie 1914 tog besluit dat 'n klas vir onderwysers begin moes word, dat erkenning vir die Normaalklasse by die Owerheid aangevra word en dat gelde vir die doel ingesamel word. Maar van die klasse het niks tereg gekom nie. Dr. Du Toit het egter die ideaal bly koester: in 1920 kon die P.U.K. vir K.H.O. daarmee begin!

Maar die behoud van die Literariese Departement was selfs aktueler.

Die Kuratorium van die Teologiese Skool, waarop dr. Du Toit adviserend gesit het, het reeds in hul rapport aan die Sinode van 1913 aanbeveel die wenslikheid om aansoek by die Regering te doen vir subsidie aan die Literariese Departement maar alleen op so 'n weg waarop dit deur die Kuratore aanvaar kon word. Dit is ernstig oorweeg op grond van „de te stichten Staats-universiteit". Die Kuratore is toe opgedra om die saak by die Regering aanhangig te maak — en daarby het dr. Du Toit 'n belangrike rol gespeel. In 1916 het die saak van die Literariese Departement werklik akuut geword, toe die nuwe Wetgewing op die Hoër Onderwys aangeneem is. Dit het toe geword 'n saak van affiliasie, inkorporasie of net subsidie, of . . .

Die nuwe Universiteite het in April 1918 in werking getree en daarmee was die Literariese Departement vereensaam. Die Sinode van 1918 het toe voor hom gehad 'n uiters belangrike rapport van 'n Subkommissie (W. Postma, F. Postma en J. D. du Toit). Dr. Du Toit het hier saam met prof. F. Postma die deurslaggewende rol gespeel: amalgamasie met Bloemfontein, affiliasie met Pretoria, inkorporasie by Universiteit van Suid-Afrika of 'n Vrye Universiteit was die keuseweë. Die Snode kon geeen vrymoedigheid tot inlywing by enige van die ander inrigtings vind nie. Sy beswaar het gegeld die sg. Gewetensklousule. Dit het besluit tot ernstiger aansoek om subsidie. Dr. Du Toit, 'n goeie vriend van die destydse Minister van Onderwys, F. S. Malan, het in die stilte baie gedoen en verrig gekry. 'n Subsidie is eindelik verkry op voorwaarde dat die Literariese Departement afgeskei word. Dit het geskied op 1 April 1919. Maar dit was maar net 'n tydelike reëling. Die P.U.K. vir K.H.O. moes inkorporeer of ophou om te werk! Op die Spesiale Sinode van 1920 het die woord van dr. Du Toit die finale deurslag gegee tot inkorporasie. By die indiening van die Private Wetsontwerp het Jacob Daniel du Toit as deputaat van die Gereformeerde Kerk opgetree as die kragtige getuie, naas Ferdinand Postma en Willem Jacobus de Klerk.

So het veral deur die persoonlike invloed van dr. Du Toit die P.U.K. sy Private Wet No. 25 van 1921 verkry — maar sonder sy volle naam en onder die Gewetensklousule van die Onderwyswet van 1916.

Dr. Du Toit sou nog verder meehelp aan die verkryging van die volle naam en aan die stryd teen die Gewetensklousule.

Hy het ook deeltydse lid van die personeel van die P.U.K. geword — eers as spesiale lektor en vanaf 1929 as professor in Hebreeus en Ou-Testamentiese Eksegese.

Dr. Du Toit het ook 'n leidende aandeel geneem aan die stigting en ontwikkeling van die Vereniging vir Kristelik Nasionaal Hoër Onderwys (en sy opvolgers). Hierdie Vereniging is gestig in 1917. Sy hoofdoel was, volgens sy Konsep-statute („Die Kerkblad", 15 Junie 1917) om 'n inrigting vir K.N.H.O. te stig en in stand te hou. Dr. Du Toit was lid van die Hoofbestuur van die Vereniging. Na die afskeiding van die P.U.K. vir K.H.O. het die Vereniging homself opnuut gekonstitueer as die V.K.H.O. met 'n drieledige doel: verwydering van die Gewetensklousule in die Wet, geldelike steun aan die P.U.K. vir K.H.O., verspreiding van literatuur en ander propagandamiddels. Dr. Du Toit was weereens lid van die Hoofbestuur. In 1925 is die Vereniging verander in Die Christelike Unie met hoofdoel: bestudering, propagering en toepassing van die Christelike beginsels volgens die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing. Dr. Du Toit was raadsman en medewerker veral van die Kommissie vir Publisiteit. Een van die belangrikste werksaamhede van die organisasies was die stryd teen die Gewetensklousule. In 1927 het die Kristelike Unie 'n brosjure uitgegee oor „Die Gewetensklousule vir ons Universiteite en die Groepbeginsel", waarin ook die hand van dr. Du Toit gesien kan word.

Dr. Du Toit het intussen ook sy gedagtes oor die Christelike Wetenskap in artikels geformuleer. Van besondere belang in die verband is sy waardevolle bydrae oor „Methode van Echte Studie". Hy tree dus op as akademicus en as pedagoog van die Christelike hoër onderwys.

Ek wil die uiteensetting afsluit deur 'n voorlopige poging tot sistematisering van sy opvoedkundige denke.

Hy het geen sisteem ontwikkel nie — daarvoor was hy teoloog en nie pedagoog nie.

Maar sy reeks artikels oor C.N.O. en oor die Christelike Wetenskap en sy brosjures oor „Christelijke Onderwys met of zonder Dogma" en oor „De Methode van echte Studie" wys tog selfs by 'n vlugge studie op sekere belangrike beginsels en grondgedagtes. Maar manne wat met hom saamgewerk het, weet ook van die groot gewig van sy gedagtes by die saamstelling van enige verslag — kerklik op opvoedkundig. Baie van die verslae is byna 'n woordelikse vertolking van sy denke.

Dr. Du Toit was wel geen geskoolde opvoedkundige nie. Hy het homself egter goed op hoogte gestel met die grondbeginsels van die opvoeding.

Op sy siening oor onderwyssake het sonder twyfel die volgende invloed uitgeoefen: sy huislike en skoolopvoeding, die bestudering van sy vader se geskrifte (De Christelijke School, de Vrije School) en sy handelinge as Superintendent van Opvoeding in Transvaal, kennismaking met „Paedagogische Beginselen" van Herman Bavinck, „Wat is het doel van C.N.S. onderwijs?" van Jan Woltjer en „Geschiedenis van het Christelijk Lager Onderwijs" van J. Kuiper, (Vgl. „Aanteekeningen" op sy brosjure „Christelijk Onderwijs met of zonder Dogma") en die tradisionele beskouing van die Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika.

Die vraagstukke waarmee hy hom veral besig gehou het, is: die gees en rigting van die onderwys, godsdiensonderwys, skoolbeheer, die opleiding van onderwysers.

Uit sy vader se geskrifte het hy geleer. (a) Die onderwys en opvoeding van die jeug rus op die skouers van die ouers. (b) Die Kerk moet

toesig hou dat die skole Christelik is en dat die ouers die doopsbelofte nakom. (c) Die Owerheid moet die pogings van die ouers en Kerk geldelik ondersteun. In die Transvaal het ds. S. J. du Toit 'n stelsel van Staatsondersteunde Skole ingevoer en ontwikkel, wat die ideaal van sy seun gebly het: die vrye skool met staatsteun, later die Groepskool.

Sy deelname aan die Sinodale Vergaderinge van sy Kerk het hom reeds vanaf die sitting in Maart 1904 die volgende tradisie leer ken: Die Sinode (1882) voel die behoefte aan skole heeltemal deur die Kerk ingerig en onder goeie kerklike opsig met behartiging van die vereiste kundighede. Daarom beveel dit aan dat kerkrade en gemeente kerklike skole oprig. Dit is van oordeel dat die ouers self die onderwys vir hul kinders moet besorg en bekostig. As die Regering besluit om die onderwys te help bevorder en aan elke skool, waarin voldoende onderwys in die nodige burgerlike wetenskappe gegee word, 'n toelae toe te ken na 'n redelike maatstaf, dan mag 'n Christelike skool die toelaag met eweveel reg ontvang as elke ander skool, behoudens onafhanklike vryheid in die godsdiensonderwys. En die Sinode (1904) waarsku ten ernstigste teen die teenwoordige rigting van die goewermentsnoderwys en beveel aan die stigting van vrye skole waarin ons godsdiens, taal en geskiedenis in waarde gehou word, en dit wek ouers, onderwysers en kerkrade om hierin saam te werk.

Wat die gees en rigting van sy ideale skool betref, het hy dit, saam met die ander Bestuurslede, gestel toe in Potchefstroom „De Voorbereidende School" as 'n vrye Christelike skool gestig, in stand gehou en beheer is. So lui die formulering: (a) Dit is die beliggaming van ons beginsels op die geheel van die onderwys: (1) Alle onderwys moet gegee word in die Christelike sin tot eer van die Naam van die Here. (2) Alle onderwys moet nasionaal wees en die moedertaal die medium. (3) Die reg van die ouers in die opvoeding van hul kinders moet gehandhaaf word en (4) Godsdiensonderwys moet elke dag gegee word: Bybelse Geskiedenis, gebed, Psalm; selfs die geskiedenis van die eie kerk en eie dogmatiese onderwys.

Wat die godsdiensonderwys betref, het ons op twee geleenthede 'n duidelike formulering van sy beskouings: in 1908 in sy „Christelijke Onderwijs met of zonder Dogma" en in 1939 in sy toespraak op die C.N.O.-kongres. Dit is die opsomming van sy ideaal: (1) Onder „godsdiensonderwys" in die Christelike skool verstaan ek in hoofsaak die onderrig in die Bybelse Geskiedenis en die Christelike Leer. (2) Hierdie onderwys moet nie hermeties van die ander skoolwerksaamhede afgesluit word nie maar moet daarmee een organiese geheel vorm. (3) Die onderrig in die Bybelse Geskiedenis moet nie bloot 'n mededeling van feite wees nie maar moet geskraag word deur die geloofsoortuiging van die ouers van die skoolgaande kinders soos dit vasgelê is in die Belydenisskrifte wat die ouers aanvaar het. (4) Die onderrig in die Christelike Leer, wat rekening moet hou met die ontwikkelingspeil van die kinders, moet nie kleurloos wees nie maar moet ooreenkomstig die belydenis van die ouers van skoolgaande kinders gegee word. (5) Ten opsigte van ons Afrikanervolk sou dit beteken dat die onderrig in die Bybelse Geskiedenis en in die Christelike Leer konform die Belydenisskrifte van die drie Hollandse kerke in Suid-Afrika moet geskied. (6) Hierdie doel kan alleen bereik word deur 'n stelsel van vrye, Christelike, Afrikaanse, nasionale skole. Dr. Du Toit was ten aansien van punt 4 'n gebore pedagogiese teoloog. Hy het vir

die gebruik van die katkisasies van sy Kerk 'n verwerking van die Heidelbergse Kategismus opgestel wat aan die goeie eise van die Opvoedkunde voldoen. Hierdie boekie was bedoel vir die ouer kinders. Ek het 'n soortgelyke boekie vir die jonger kinders verwerk na die voorbeeld van 'n boekie deur ds. J. H. Kruger. By die verwerking van die boekie vir die kleintjies het ek die fynsinnige leiding van dr. Du Toit deurgaans gehad. Sy opmerking aan my getuig van diepsinnige insig: „Die moeilikste dogmatiek denkbaar is die samestelling van 'n Kategismusboekie vir klein kinders". Elke woord en sin in daardie boekie het hy raakgesien. Elkeen wat met hom saamgewerk het, weet hoe minitieus presies hy kon wees!

Die sesde punt in sy beskouing oor die godsdiensonderwys lei sy beskouings oor die skoolstelsel in. Hy wou 'n vrye, Christelike, Afrikaans-nasionale skool hê. Hy het sy gedagtes oor die skoolstelsel op baie plekke gestel maar nergens duideliker as in sy referaat voor die groot Kongres in 1917: „Die Plek van die Skool in ons Samelewing" In die stryd om die skool is daar drie magte: die Staat, die Kerk en die Ouers. Die kinders hoort nie aan die Staat nie, en daarom die Skool ook nie. Die suiwer posisie van die Staat is: dit moet hierdie volksbelang (die skool) dien met die publieke geld en dit moet kontroleer of die onderwys tegnies voldoende is. Die kinders hoort in strenge sin ook nie aan die Kerk nie, en daarom ook nie die Skool nie. Die Kerk bou nie regstreeks skole nie maar dit eis van die ouers, wat lidmate daarvan is, dat hulle hul kinders na Christelike skole stuur, omdat hulle gedoopte kinders en dus lidmate van die Kerk is. Die Kerk moet die Christelike onderwys op morele wyse steun, waar nodig. Die kinders hoort aan die Ouers, en daarom ook die Skool. Maar omdat die Skool 'n instelling in die maatskaplike lewe is en dit 'n gesamentlike onderneming van 'n hele aantal ouers is, hoort die Skool eintlik aan die gesamentlike ouers soos hulle groepsgewys openbaar word. Gesamentlik staan hier teenoor indiwidueel. Die Skool is nie 'n huisskool nie maar 'n selfstandige instelling wat die maatskappy dien sodat die kind vir sy plek in die maatskappy klaargemaak word. So kom die ouer tot sy reg: hy bepaal in samewerking met sy mede-ouer die karakter en rigting van die Skool. Teenoor Staat, Kerk en Maatskappy is die Skool verantwoording verskuldig, maar daarin bly dit selfstandig. Niemand mag die Skool in sy reg krenk nie, solank dit van sy standpunt en optrede behoorlik rekenskap gee. Die Staat moet alle skole gelykheid voor die Wet gee en uit die publieke beurs op 'n regmatige grondslag steun.

Op die Kongres van 1918 is toe besluit op 'n stelsel van Groepskole. Dr. Du Toit moes met twee ander predikante (di. S. W. van Niekerk, N.H. of G. Kerk, en L. E. Brandt, N.H. Kerk) die besluite van die Kongres saamvat in 'n memorandum, wat hulle drie namens die Afrikaanse Kerke voor die Malherbe-kommissie moes lê en verdedig. Malherbe deel in sy Verslag (1920) in Art. 125 mee dat die volgende punte die idee van Groepskole stel:

„(1) Groepen van gelijkgezinde ouders, die dezelfde taal, godsdiens, geschiedenis en tradities hebben, moeten het recht door hun eigen schoolkommissies afzonderlike scholen op te richten en te besturen, waar zij onderwijzers moeten kunnen benoemen met dezelfde taal, godsdienst en tradities als zij zelf; en zulke onderwijzers moeten

gekozen worden uit een lijst van behoorlik gekwalifiseerde onderwijzers, die van tijd tot tijd door het Departement moet worden uitgegeven;

(2) dat zulke groepen de bevoegdheid zullen hebben het onderwijs in taal, godsdienst en geschiedenis in deze scholen te regelen, en de geest en richting van de school te bepalen;

(3) dat gekombineerde groepen het recht zullen hebben hun eigen Normaal Kolleges op te richten voor het opleiden van onderwijzers, en dat de onderwijzers die in zulke kolleges opgeleid zijn, dezelfde rechten en voorrechten zullen hebben, als onderwijzers met dezelfde kwalifikaties, die elders opgeleid zijn;

(4) dat wanneer kinderen in deze afzonderlike scholen geinspekteerd worden, zij op zulk een wijze zullen beoordeeeld worden, dat er ten volle rekening zal gehouden worden met de zienswijze van de groep, met betrekking tot taal, godsdienst en geschiedenis;

(5) dat, of uit een voorgeschreven aantal van zulke schoolkommissies, of uit de schoolkommissies van een zekere kring een raad gekozen zal worden, die de algemene belangen van de verschillende scholen zal behartigen; terwijl het Goevernement op die Raad zal worden vertegenwoordigd door personen aangesteld door het Goevernement uit de groepen van ouders van dezelfde taal, godsdienst en traditie;

(6) dat scholen, opgericht in overeenstemming met die voorgaande voorstellen, voor zover de standaard van onderwijs betreft, onderworpen zullen zijn aan de wetten en regulaties, die van tijd tot tijd in de Provincie van kracht mogen wezen;

(7) dat scholen, die op deze wijze opgericht worden, op dezelfde voet zullen geplaatst worden als gewone Goevernementscholen, wat betreft gebouwen, salarissen van het personeel, uitrusting, beurzen, transport enz."

Dr. Du Toit het hom ten slotte baie bekommerd gemaak oor die opleiding van onderwysers. Hy was van oortuiging dat geen onderwysstelsel, selfs nie of juis nie die Groepstelsel nie, tot bevrediging van die ouer gemeenskap kan funksioneer sonder die regte onderwyser nie. Die onderwyser staan tog in loco parentis.

Wat van die karakter en gees van die onderwys, soos deur die ouergemenskap verlang, teregkom, hang af van die onderwyser. En na die mening van dr. Du Toit kon die regte onderwysers verkry word alleen deur aan jongmense die regte opleiding te gee. Daarom het hy reeds as predikant van Potchefstroom gepleit vir die benoeming van 'n pedagoog aan die Teologiese Skool of vir die oprigting van 'n Christelike Normaalskool op Potchefstroom. Hy was dan ook, naas prof. F. Postma, die sterkste bepleiter van die invoering van 'n onderwysersopleidingskursus aan die P.U.K. vir K.H.O. In 1920 is dit verwesenlik toe begin is met die

opleiding van studente vir die Unie-O.I.-sertifikaat-eksamen. En daarom het hy onder al sy baie werksaamhede in 1923 aan die ondergetekende by sy studie vir die nuwe M.Ed.-eksamen leiding gegee in die vak S.Afr. Onderwysgeskiedenis. As 'n persoonlike getuienis mag ek hier net meedeel dat prof. Du Toit, net so kragtig as prof. Postma, my aangemoedig het om vanaf 1920 my op die Opvoedkunde toe te lê. Die benoeming van die eerste voltydse professor in die Opvoekunde aan die P.U.K. het een van sy lewensideale sien verwesenlik: die opleiding van onderwysers aan 'n inrigting vir Christelike hoër onderwys.

Ten slotte moet ek uit opvoedkundige oogpunt die rustige lesing van die brosjure „De Methode van Echte Studie" sterk aanbeveel. Dit is 'n opvoedkundige metode vir die hoër onderwys.

J. Chr. Coetzee.